Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

Bemarkingsbrief vir die aanbied van ALFA-aanlyn 2021 en Nampo/ALFA 2021 op Nampopark - 30 September tot 2 Oktober 2021

2020 was vir ons almal ’n baie moeilike jaar. Niemand kon aan die begin van 2020 voorspel hoe ’n moeilike jaar dit sou wees toe ons Nuwejaar gevier het nie! Dit was ’n jaar wat die hele wêreld geraak het en wat verantwoordelik was vir tragiese lewensverlies en ekonomiese swaarkry. Ook is ons bekendgestel aan ’n nuwe normaal” wat ons uithouvermoë en kreatiwiteit ernstig uitgedaag het. Nampo/ALFA lewendehawe, jag- en buitelewe ekspo is erg geraak en die geleentheid op Nampopark is weens die Covid-pandemie gekanselleer. Dit het ALFA gedwing om aan te pas en ALFA aanlyn 2020 is gebore.

Baie dankie vir almal wat die dapper stap geneem het om aanlyn deel te neem of te ondersteun. Verskoning aan almal vir wie dit wat vanweë logistiek of die aard van hul betrokkenheid nie moontlik was nie. Ons het veral ons uitstallers gemis. Ons hoop dat almal darem gebeure op sosiale media of die verskillende platforms kon volg! ’n Spesiale dankie aan ons projek-borge, vennote, Agri Gauteng, Bloemskou, die verskillende telersgenootskappe, die landbou-organisasies, die ALFA-span en elkeen wat op een of ander manier ’n rol gespeel het in die sulksesvolle aanbieding van ALFA 2020. Ons vertrou dat dinge in 2021 beter sal verloop en dat ons hierdie jaar op Nampopark lekker sal kan saamkuier as veegemeenskap!

ALFA het vyf fokuspunte wat ons projekte en programme rig: verhandeling, verbruikersfokus, wetenskaplike prestasie-evaluering, ons landboujeug en sosiale samesyn. Binne hierdie konteks fokus ons op nege spesifieke bedrywe in lewendehawe: wol, rooivleis, suiwel, perde, honde, pluimvee, varke, wild en konyne. Die eerste vier jaar is die ekspo op Parys aangebied. 2020 sou die eerste aanbieding van die Nampo/ALFA-ekspo, die produk van die samewerking tussen ALFA en Nampo as ’n lewendehawe-, jag- en buitelewe-ekspo, op Nampopark gewees het. Net meer as die helfte van ALFA se 40 projekte kon egter in 2020 in die aanlyn-formaat aangebied word met ’n bietjie aanpassings. Dit sluit in: prestasiekompetisies, skoue, veilings, karkaskompetisies en werkwinkels.

’n Totaal van 388 telers (verteenwoordigend van 36 verskillende telersgenootskappe) het met 1 504 diere aan die verskillende kompetisies en kampioenskappe deelgeneem. Net minder as 500 video's is deur deelnemers van hierdie aktiwiteite ingestuur! Geleenthede van ander organisasies is ook saam met die ALFA-program aangebied. Hieronder tel SA Stamboek se Logix prysuitdelings, Samic se nasionale prysuitdeling en Bloemskou se beoordelingseminaar. In terme van direkte deelname is dit die tweede grootste aanbieding van ALFA sedert die eerste ALFA vyf jaar gelede!

Elk van hierdie projekte is afgesluit met ’n webinaar, of ’n reeks webinare waarop die wenners aangekondig is wat dan op die Agri TV-kanaal op DigiTV uitgesaai is. Meer as 200 verskillende sprekers het hieraan deelgeneem. ’n Totaal van 50 webinare is uiteindelik oor die verloop van 2020 uitgesaai waarna meer as 3,000 mense reeds gekyk het. Hierdie webinare bly beskikbaar op die kanaal tot 30 September 2021 (sien skakels op die Nampo/ALFA-webblad: *www.nampoalfa.co.za*). Ook het hierdie formaat ALFA onmiddellik nasionaal relevant gemaak en kon telers in al nege provinsies op gelyke voet deelneem. Sien aangehegte opsomming van een van die programme se webinare met die skakels of gaan na *www.alfaexpo.com en www.nampoalfa.co.za* of besoek ons ALFA Facebook-blad.

Ons kan 2021 baie beter beplan volgens die realiteite van die oomblik omdat ons 2020 deurleef het. Onsekerheid en verandering is absoluut deel van daardie realiteite asook die “nuwe normaal”. Daar is ‘n

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

billike kans dat NAMPO/ALFA 30 September tot 2 Oktober 2021 sal kan voortgaan. 'n Finale besluit in hierdie verband word 1 Junie 2021 geneem. Om soveel sekerheid as moontlik aan ons kliënte te gee sodat hulle kan beplan, is besluit dat ons die volgende gaan doen:

ALFA aanlyn 2021

Ons gaan definitief voort met die ALFA-aanlyn 2021 op dieselfde formaat as 2020. Die protokolle is bekend en getoets en ons weet dat dit uitgevoer kan word, selfs met vlak 1 beperkinge. Ons het baie geleer in 2020 en met 'n paar klein aanpassings kan ons net verbeter. 'n Selfoontoepassing op Android én iOS gaan byvoorbeeld deelname aan ALFA 2021 aansienlik vergemaklik. Sommige borgskappe moet nog bevestig word en van die nuwe projekte en geleenthede is nog nie gefinaliseer nie. Die program sal op 1 Mei 2021 afskop en die projekte, kompetisies en webinare behoort teen 31 Augustus 2021 afgehandel wees. Die volledige program en reëlings is reeds beskikbaar.

Nampo/ALFA 2021 op Nampopark

Indien die situasie normaliseer en ons wel met die aanbieding van Nampo/ALFA 2021 op Nampopark kan voortgaan, sal die onderskeie projekte en kompetisies se wenners daar uitgestal word en hoogtepunte uit die webinare lewendig aangebied word. Uitstallers sal weer hul produkte en dienste aan besoekers kan bekendstel. Inligting oor besprekings, vloerplanne en koste sal spoedig beskikbaar wees.

Die meeste van die ALFA-aanlynprogram het ook 'n element wat by NAMPO/ALFA se lewendehaweprogram ingesluit sal word asook 'n veilingprogram. Al die ALFA sosiale geleenthede sal ook weer aangebied word.

Die jag- en buitelewe-ekspo sal vir die eerste keer deel van NAMPO/ALFA 2021 wees. Inligting hieroor sal ook later gedeel word.

Ons sien daarna uit om saam met die ALFA-familie van 2021 en die geleenthede wat dit bied 'n GROOT ervaring te maak! Kontak ons gerus as daar enige vrae is.

Albert Loubser
Organiseerder ALFA 2021.